OVERSTRAND
Bulletin
MAART 2021
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

DRIE *SPLINTERNUWE* BRANDWEERWAENS OORHANDIG

Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, munisipale bestuurder Dean O'Neill en brandweerhoof Lester Smith het hulle opregte dank uitgespreek vir die befondsing wat hierdie uiters nodige toevoegings tot Overstrand se brandbestrydingsvloot moontlik gemaak het. Almal is dit eens dat met hierdie ultramoderne tegnologie en werktuie in sy stal, Overstrand se brandweer-en-reddingsdienste nou heelwat beter gerat is om diegene in nood baie vinniger te hulp te snel.

Op Vrydag, 12 Februarie 2021, is die sleutels van drie nuwe brandbestrydingsvoertuie oorhandig aan Overstrand-brandweer-en-reddingsdienste ter vervanging van sommige van sy voertuie wat uit bedryf gestel of beskadig is. Overstrand se Uitvoerende Burgemeester rdh. Dudley Coetzee, munisipale bestuurder Dean O'Neill, verskeie raadslede, amptenare van provinsiale rampdienste sowel as Overberg- en Overstrand-brandbestryders was daar om die jongste toevoegings tot die brandbestrydingsvloot te verwelkom.

Dié geleentheid wat by die onlangs opgeknapte Hermanus-brandweerstasie in Mosselstraat gehou is, het egter op 'n sombere noot begin met kapelaan Mark Robson wat namens die aanwesiges 'n gebed gedoen het ter nagedagtenis aan alle brandbestryders wat pligshalwe hul lewens ingeboet het of beseer is.

"Ons brandbestryders is daaraan gewy om lewens en lewensmiddele onder uiters uitmergelende en gevaarlike toestande te beskerm, en hulle – en die gemeenskappe wat deur hulle beskerm word – verdien om die beste toerusting tot hul beskikking te hê," het Burgemeester Dudley Coetzee gesê.

"Aangesien brandbestryding 'n mandaat van die Overbergdistriksmunisipaliteit is, is Munisipaliteit Overstrand egter nie altyd in 'n finansiële posisie om verouderde en beskadigde brandbestrydingsvoertuie en -toerusting te vervang nie, en dit is hier waar die provinsiale regering in die bresse getree het. En daarvoor is ons baie dank aan hulle verskuldig," het hy verduidelik.

Die Wes-Kaapse departement van plaaslike regering, via die hoofdirektoraat rampbestuur en brandweer-en-reddingsdienste, het ten doel om die lewering van brandweerdienste oral in die Wes-Kaap te verbeter.

"Ons belegging van net meer as R57 miljoen sedert 2016 om brandbestrydingsdienste oral in die Wes-Kaapse Provinsie op te knap en in stand te hou, getuig van ons voorneme om te verseker dat elke munisipaliteit in die Wes-Kaap oor die vermoë beskik om 'n basiese brandbestrydingsdiens te lewer," het assistentdirekteur: provinsiale rampbestuur, Marlu Rust, gesê.

"Befondsing komende van die munisipale kapasiteitsboutoekenning lê die grondslag waarop huidige en toekomstige brandweerhoofde 'n gesonde en goedontwikkelde brandweer kan bou, en dit is via hierdie program dat net meer as R6 miljoen oor die afgelope twee jaar in Munisipaliteit Overstrand se brandweerdiens belê is: Vyf miljoen is in die 2019/2020-boekjaar toegewys om die verliese, skade en koste te dek wat as gevolg van die Bettysbaai-brand gely is en 'n verdere R732 000 is in die 2020/2021-boekjaar vir verdere ontwikkeling toegewys.

"Voorts, in medewerking met die Overberg-distriksbrandweerdienste, Groter Overberg-brandbeskermingsvereniging en Overstrand-brandweer-en-reddingsdienste, het ons 'n plan in die Pringlebaai- en Bettysbaai-area geïnisieer om inligting te versamel sodat brande geantisipeer kan word – 'n sogenaamde "pre-fire plan" wat deur die Kaliforniese departement van bosbou en brandbeskerming in die VSA gebruik word: Hierdie is die eerste van sy soort in die Wes-Kaap."

Rust het Overstrand-brandweerdienste geloof vir hul veerkragtigheid en die fenomenale groei en ontwikkeling wat hulle oor die afgelope paar jaar getoon het en het 'n beroep op alle brandbestryders gedoen om asseblief veilig te wees en om hul voertuie en toerusting ten beste in te span.

Brandweermanne Adam Mars, Gallie Badenhorst en Ebriam Isaacs kon nie wag om die nuwe toevoegings tot brandweer-en-redding se stal te bewonder nie. Agter is rdl. Ronald Nutt (links), Isuzu se Paul Charsley, Overstrand-vlootbestuur se Thelma Lobb, Overstrand-brandweerhoof Lester Smith, assistentdirekteur: provinsiale rampbestuur Marlu Rust, portefeuljehoof: beskermingsdienste rdl. Arnie Africa, rdl. Andrew Komani, assistent-brandweerhoof: operasies Angelo Aplon, rdl. Christine May, Adrian Conradie van 600CT en Ian Newton van Fire 247.

Êrens agter daardie masker skuil 'n breë glimlag: Brandweerhoof Lester Smith (heel regs) deel die oomblik met munisipale bestuurder Dean O'Neill (links), Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, Isuzu se Paul Charsley, assistentdirekteur: provinsiale rampbestuur Marlu Rust, portefeuljehoof: beskermingsdienste rdl. Arnie Africa, direkteur: beskermingsdienste Neville Michaels, Adrian Conradie van 600CT, Ian Newton van Fire 247, Thelma Lobb van Overstrand-vlootbestuur, assistent-brandweerhoof: operasies Angelo Aplon en bestuurder: vraag en verkryging Ivan Witbooi.

Fisherhaven-sleephelling herstel

'n Kontrakteur van Hermanus, ABC Civils, is deur Munisipaliteit Overstrand aangestel om die sleephelling in Fisherhaven te herstel.
Werk het in Februarie 2021 begin en is in dieselfde maand afgehandel.
Die sleephelling is nou weer oop vir die publiek.

Wie betaal vir vernielde straatligte? Kortom: Jy. Help ons om vandalisme hok te slaan.

Beskadigde straatligte en konstante vervanging van gloeilampe ontspoor pogings om 'n diens aan gemeenskappe te lewer, en die vervanging van toerusting kos belastingbetalers geld.

Dit het ook 'n negatiewe impak op sekuriteit in woonbuurte.

Na bewering is dit meestal jongelinge wat teen die 3,5 m- hoë veselglaspale skop in 'n poging om die gloeilampe te breek of wat met ketties na daardie gloeilampe skiet.

Elders het daders daarin geslaag om die kabels wat straatligte van krag voorsien, op te grawe en te steel en in sommige plekke het hulle tot die hele straatligpaal en selfs die straatligeenheid weggedra.

Iemand moes tog seker gesien of gehoor het wat aan die gang was?

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle inwoners om alle dade van vandalisme onverwyld aan hul naaste polisiestasie te rapporteer of om Overstrand se 24/7-beheersentrum by 028 313 8000/8111 dadelik te skakel: Help ons om duisternis uit ons gemeenskappe te verdryf.

Onklaar straatligte:
As jy ontdek dat 'n straatlig nie werk nie, rapporteer dit asseblief aan ons.
Moenie aanvaar dat iemand anders gebel het nie – maak seker dat dit gerapporteer is.

Gedurende kantoorure (07:45-16:30), rapporteer aan:
Hermanus-administrasie: 028 316 5600 of 028 313 8111
Kleinmond-administrasie: 028 271 8400 of 028 271 8484
Gansbaai-administrasie: 028 384 8300 of 028 384 8358
Stanford-administrasie: 028 384 8500 of 028 384 8376
Onthou om vir 'n verwysingsnommer te vra.

JONGSTE OOR HERMANUS COUNTRY MARKET: DIE PAD VORENTOE

Munisipaliteit Overstrand het op Woensdag, 3 Februarie 2021 vrugtevolle gesprekke met verteenwoordigers van die Hermanus Country Market en die Hermanussportklub oor die voortgesette bedrywighede van die Hermanus Country Market gevoer.

Burgemeester Dudley Coetzee het weer eens klem gelê op die aansienlike bydrae wat hierdie mark tot Overstrand se ekonomie lewer deurdat dit werk skep, die lewensbestaan van handelaars beskerm en toerisme in die streek bevorder. Die vergadering het onder voorsitterskap van die Burgemeester geskied en is bygewoon deur onderburgemeester Elnora Gillion, Wyk 3-raadslid rdh. Kari Brice en die munisipale bestuurder Dean O'Neill sowel as verteenwoordigers van die Hermanus Country Market en die Hermanussportklub.

Daar is ooreengekom dat:

1. Die mark bly waar hy is.
2. 'n Langermynhuurooreenkoms deur die Hermanussportklub oorweeg sal word.
3. Munisipaliteit Overstrand sal help om te verseker dat markstalletjies se strukture stewig is.
4. Hermanus Country Market die gebruik van die area met Hermanussportklub sal onderhandel, waarna hulle aan die munisipaliteit verslag sal doen oor die ooreenkoms wat bereik is.

OVERSTRANDVERKEER WERK ONVERPOOSD AAN AGTERSTAND

Goeie vordering is gemaak om die agterstand met die hernuwing van lisensieskyfies en die verwerking van elektroniese oorbetalings uit te wis.

Alhoewel hulle nog nie naastenby opgevang het nie, verdien die toegewyde personeel alle lof.

Sonder uitsondering is almal by die verkeersafdeling deur die Covid-19-pandemie getref, met die gevolg dat dié taak selfs meer uitdagend is.

Ons begryp dat inwoners erge frustrasie ervaar, maar doen 'n beroep op almal om geduld te beoefen en te verstaan dat personeel onder geweldige druk verkeer.

Desondanks is ons bly om te kan rapporteer dat alle verkeerskantore weer oop is en teen 100%-kapasiteit funksioneer.

Sedert die begin van die jaar het personeellede hul Saterdagoggende ingeboet om werk te maak van die agterstand en om foutiewe elektroniese betalings uit te sorteer.

Om betalings uit te sorteer wat nie korrek gedoen is nie, is baie tydrowend en dra by tot die agterstand. Ter bespoediging van die transaksie, is dit uiters belangrik om die korrekte bedrag en korrekte voertuigregistrasienommer in te tik wanneer elektroniese betalings gedoen word.

Motoriste moet ook seker maak dat die registrasieskyfies van alle motorvoertuie waarvan hulle die eienaar is, op datum is. Skyfies sal nie gedruk word as daar enige agterstallige voertuiglisensieskyfies is wat hernieu moet word nie.

Na gelang van individuele of handelaarskaptransaksies, verloop elke week anders en die aantal transaksies wissel tussen 5 500 en 12 500 per week. Hierdie syfers sluit transaksies soos boetes en lasbriewe in.

In die eerste week van Februarie, byvoorbeeld, is 148 voertuie vir padwaardigheid getoets, 165 rybewyse en 64 tydelike rybewyse uitgereik, 2 485 lisensies hernieu en 1 266 elektroniese oorbetalingstransaksies afgehandel.

Aanlyn-betalings

Ter wille van die handhawing van sosiale afstande en om onnodige beweging uit te skakel, beveel die verkeersafdeling steeds aan dat mense fondse elektronies oorplaas om transaksies af te handel.

Bel 028 313 8136/8031 asseblief om die korrekte bedrag betaalbaar te bevestig voordat fondse elektronies oorbetaal word, of kontak Overstrand se verkeersdienste-skakelbord by 028 313 1044.

'n Ander alternatief is om navrae per e-pos te rig aan registrationsadmin@overstrand.gov.za. Navrae sal binne twee of drie werksdae aandag geniet. Verstrek asseblief jou voertuig se registrasienommer, ID-nommer en kontakbesonderhede. Heg altyd bewys van betaling by jou e-pos aan en vermeld jou voertuig se registrasienommer as jy wil verneem wanneer jy jou lisensieskyfie kan afhaal.

Inwoners van Gansbaai en Kleinmond word aangemoedig om GB of KMD by die betalingsverwysing te voeg om aan te toon waar hulle die lisensieskyfie gaan afhaal. Dit sal personeellede in staat stel om gedrukte lisensieskywe vinniger na die korrekte dorp aan te stuur.

Bankbesonderhede:
Rekeningnaam: Munisipaliteit Overstrand
REKENINGNOMMER (primêre rekening): 1190136678
Bank: Nedbank
Tipe rekening: Lopende rekening
Takkode: 198765
Tak: Inland Garden Route
SWIFT-kode: NEDSZAJJ
** gebruik jou voertuig se registrasienommer as verwysingsnommer*

Boetes:

As jy via elektroniese oordrag vir die hernuwing van jou lisensie betaal het en nog nie jou lisensieskyfie ontvang het nie, onthou om 'n afskrif van die betalingsbewys in die ter sprake voertuig te hou tot tyd en wyl jy die lisensieskyfie ontvang. Moet intussen ook nie die verstrykte lisensieskyfie van die windskerm verwyder nie.

Wanneer jy deur 'n verkeersbeampte voorgekeer word, toon bloot die betalingsbewys as jy jou voertuiglisensie via elektroniese oorbetaling hernieu het.

Indien jy beboet is omdat jou voertuiglisensie verstryk het maar nie die lisensieskyfie weens die sluiting van verkeersdienste kon afhaal nie, kan jy binne 30 dae nadat die boete ontvang is, skriftelike vertoë teen die boete aanteken. Jou vertoë sal gunstig oorweeg word mits jy bewys kan lewer van betaling vóór die datum waarop die lisensie verstryk het.

Met die oog op vertoë kan vorms hiervoor by die boete-afdeling afgehaal of via e-pos versoek word van lcarolissen@overstrand.gov.za. Dit is egter nie 'n voorvereiste dat hierdie vorm gebruik moet word nie. 'n Brief of e-pos sal voldoende wees. Die vorms/briewe kan gedurende kantoorure by die verkeerskantore (boete-afdeling) of by die aanvullende munisipale hof in Harmonieweg, Hermanus ingedien word.